Samevatting

Kort Samevatting

Luister Yashar'EL/Sakser in die land van die suide; Skakel julle belangstellings oor na dié krag wat deur YAH met die Skepping aan ons gegee het Gen.1:28. (a) Ons moet dit gebruik wat YAH binne ons geblaas het Mal.2:15

(b) Ons moet glo in daardie Krag binne-in ons. Ons Innerlike verblyding lê in onsself en daarom moet ons daardie besluit neem binne-in ons. Laat ons gedagte positief en kommerloos wees.

(c) Ons moet lief wees vir VADER en die volk. Erken dit wat vir ons gegee was en verbly jou daaroor 1 Pet.1:8,9.

(d) Ons moet ons gedagtewêreld ken waar die siel dwaal en kyk of dit in die regte rigting stuur. 'n Positiewe gedagte is 100 maal sterker as 'n negatiewe gedagte 1Pet.4:1; Hand.8:22

(e) Ons moet weet dat ons die koninklike opdragte reeds ontvang het. Ons moet mekaar inspireer om positief te wees in die opdragte en ook om positiewe dinge aan te pak Luk.16:16; Pred.11:9.

(f) Ons gedagte moet gebede wek en gebede sal omstandighede verander wat ly na positiewe gevoelens sodat die werklike heerskappy kan manifesteer. Waar jy ook al is, daar is YAHUSHA binne-in jou teenwoordig Open.3:20.

(g) Ons moet terug kyk en sien wat ons al onwetend ontvang. Streef vir meer insig en positiwiteit in die guns van VADER vir dit wat voorlê Joh.1:14.

(h) Ons moet onsself die vraag vra: Wat <u>wil</u> ons nou werklik hê in ons aardse lewe ? Aardse skatte of hemelse! Ons begeerte sal werklik manifesteer as ons glo met versekerdheid, want ons het dit reeds ontvang. Met 'n passie moet ons nou net daarvoor leef en positief bly. Ons as Yashar'EL weet wat realiteite is, want ons weet dis eg en werklik wat verskillend is teenoor die wêreld sin daarbuite. Die wêreld het iets wat in die plek is van hulle sin 1 Joh.2:18;2 Joh.1:7;Hag.1:9;Matt.7:21-23.

Daar is alreeds vir ons 'n blink toekoms geskep wat positief, liefdevol en goed is, nou moet ons dit net in danksegging ontvang Open.21:6.

<u>Nou 'n paar opdragte</u>:

(1) Vra wat ons Skepper vir jou in gedagte het. Wandel met YAHUSHA elke oomblik van die dag en gesels met hom. Ken dié VADER in jou weë. Al wat Hy vra is jou liefde en respek (Miga.6:8).

(2) Begin om die aarde te respekteer deur om met hom te praat soos jy met 'n vriend sou praat (*ek sê nie gaan gee 'n boom 'n drukkie*).Wees vriendelik met hom, want YAH het gereeld met hom gepraat. Praat met die wind en so ook met die reën. Gee hulle eer, en so ook respek. Die natuur sal jou ook resepteer as heerser. Hou geen geheimenisse tussen jou en die natuurlike wêreld nie (Deut.32:1). Die natuur wat sy gawes van VADER ontvang het, skenk dit mildelik aan ons. Deut.33:13-16 Gen.9:13; Jes.1:2; Matt.8:27; 21:19-22.

(3) Kyk na jou innerlike behoeftes eerstens en die uiterlike sal manifesteer deur VADER. Haal die balk uit eie oog, dan sal die splinter in ander s'n sigbaar wees. Sê dankie elke dag vir alles wat jy kon doen vir VADER, en wat Hy vir jou gedoen het, al was dit 'n moeilik dag, prys VADER dat jy positief deur dit alles gebly het.
(4) Laat dit toe dat jou liggaam genees kan word. Gee daardie siekte en pyn bevel om te verdwyn (*die liggaam behoort aan VADER daarom behoort siekte en pyn nie daarin te bly nie).* Glo dat die energie wat in jou hart is jou sal genees. Sê klaar dankie aan VADER vir die genesing. Met Sy besluit sal Hy jou genees (Mal.4:2).
(5) Laat daar net positiewe dinge rondom jou wees soos: Skrifte in al die vertrekke in jou huis of werk. Plaas mooi geskrifte (mooi verse) oral rondom jou neer of plak dit in jou hangkas yskas en alle strategiese plekke om jou voortdurende te motiveer en te herinner (2 Pet.3:1).
(6) Dit wat jy aanpak in jou lewe moet jou positiwiteit stimuleer, indien nie, raak ontslae daarvan en pak iets anders aan. Jy moet VADER ten alle tye kan prys en daarom is jou werksomstandighede baie belangrik. Die leuse moet wees: Doen wat jou hart, "gees", sê nie jou verstand nie (Pre.5:19; 6:6).
(7) Verkondig dié Koninkryk van VADER en laat hulle YAHUSHA erken. Begin nou om te werk aan daardie Koninkryk plan, en maak hulle bewus dat YAHUSHA wel YAHUAH is, die toekomstige Koning.
(8) Laat toe dat jou siel die Gees wat VADER binne jou erken. Laat toe dat daardie klein klippie los raak binne jou en die groot beeld wat jy oor die jare opgebou het tot poeier stamp. Laat toe dat daardie klippie jou vervul (Jer.45:5).
(9) Bid vir jou volk sodat geestelike leiers kan opstaan. Leiers wat kan intree vir jou en jou mense by VADER (Spr.11:3).
VADER kom eerste in jou lewe. Doen dit en ontvang wat Hy vir jou gaan gee en of laat gebeur in jou lewe (Matt.7:11). Matt 8:2,3 ... *YAHUSHA, <u>as U wil</u>, kan U my reinig. 3 Daarop steek YAHUSHA die hand uit en raak hom aan en sê: <u>Ek wil</u>; word gereinig!* HalleluYAH

Waaraan sou dan bekend word dat U volk guns in U oë gevind het? Is dit nie daaraan dat U met ons is nie; want daardeur is ons onderskei van elke volk wat op die aarde is. Ex.33:16.U gaan ons tot 'n roem maak, 'n lof onder al die volkere van die aarde Sef..3:20. Die laaste dae is hier, want die uitverkore wag vir hulle Heerser, hulle Koning! Hos. 3:5.Die ander volke kom dit agter en hulle sidder!Deut.28:10. U hoor U uitverkore, die wat U Naam uitgeroep het. 2Kron.7:14. Wat die regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie ontvang het op die berg Sinai. Neh.9:13. U het ons vaders liefgehad en ons die nageslag na hulle uitverkies, Deut.4:37. Wat ons afgesonder het om uit al die volke wat op die aarde is, U eiendoms volk te wees. Deut.7:6 Ons as welgevalle ou volkie het gering geraak o VADER :7 dié nageslag van U uitverkorenes, wat U uit al die volke uitverkies het, soos dit vandag is. Deut.10:15 'n Eiendoms volk uit al die volke wat op die aarde is.

Deut.14:2 Uit al twaalf die stamme roep ons in die Naam YAH, ja YAH ons Skepper. Deut.18:5 U wat Abram uitverkies het en hom uit Ur van die Chaldeërs uitgelei het en sy naam tot Abraham gemaak het. Neh. 9:7 en U het hom ‘n vriend van U genoem. Jes.41:8 U het gesê: Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. :9 U is ons Losser. Jes.49:7 U het U hand vir ons opgehef, vir die geslag van die huis van Jakob en U aan ons bekend gemaak in Egipte land; ja, U het gesê: Ek is YAH julle Skepper. Eseg.20:5 “o” VADER ALMAGTIG, ons vra in U Grote Naam dat U ons versoek sal inneem dat Joh.15:16. YAH, YAHUSHA wat vir ons ‘n koninklike priesterdom, ‘n rein volk, ‘n volk as eiendom verkry het, en om te verkondig die deugde, dat U dié wonderbare Lig is. 1 Pet.2:9 U het U oor Jakob ontferm en met hom ‘n Verbond aangegaan. Hos.2:18 U bepaal ‘n Huwelik wat sal duur tot ewigheid! :20. Soos ‘n jongman ‘n jonge dogter trou, soos die bruidegom bly is oor die bruid verbly ons, ons in U o VADER, dat ons weet dat U YAHUSHA weer gaan stuur as YAH ons Skepper en Heerser. Jes.62:5 Want soos ‘n jonkman ‘n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou Skepper oor jou bly wees. :6 ..o Julle wat YAH herinner aan sy beloftes—moenie rus nie :7 en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig.. Mal. 2:15 Ons vas en maak ons gereed vir ons Bruidegom Matt. 9:15 U het vir Yashar’EL U liefde aan die folterpaal op Golgota gewys en groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vrou gee. Joh.15:13 Daarom YAHUSHA, wil ons doen wat U ons beveel. :14 U het reeds aan ons die Waarheid bekend gemaak as ‘n Bruidegom! :15 en daardeur die gemeenskap wat ons nou het met/deur U tot VADER. 1 Joh.1:3 Die belofte wat U deur die profete aan ons beloof het dat U op ‘n vasgestelde tyd sal terugkeer. Ons weet dat die tweede koms nie soos die eerste sal wees nie. Dan.11:29 U het gesê:Ek fluit vir dié volk daar aan die einde van die aarde; en kyk, gou, haastig kom hulle, want ‘n banier is opgehef vir die nasies in die verte

---

VADER U is dié bron van Lig, U is die Groot onuitputlike Energieke Lig; Ja U het gespreek en Lig was daar. Uit U het Lig te voorskyn laat kom. Lig wat U nooit teleurstel nie. Daardie Lig het van U opdragte ontvang. Daardie Lig was U onderdanig.Hy was getrou om al U bevele te gehoorsaam. Deur Hom het U kleiner Ligte laat ontstaan. Hy was innig lief vir die ligte, want Hy het geweet dat hulle aan Ubehoort.Hy het geweet dat die nuwe ligte uit die groot onuitputlike bron van Lig skyn. Hy het Sy lewe vir hulle gegee. Ja, met liefde onuitspreeklike het Hy vir hulle geywer.Hoe vreeslik moes dit gewees het die dag toe U Sy Lig afgeskakel het. Hoe treurig en hartseer moes U nie voel die dag toe Hy uitroep,“VADER,VADER waarom”In die duistere het Hy afgesak, sonder U Lig en alleen. Soos fosfor het Hy geskyn, met dit wat nog oor was van U Lig in Hom, daar in die donkerste diepte moes Hy sy laaste opdrag volbring voordat Sy Lig verdoof. Net toe daar geen glans in Hom wil skyn, breuk U die aarde oop en roep na Hom, “My Seun, My Seun”. (*Bedink dit*)